HOËRSKOOL • OUTENIQUA • HIGH SCHOOL

SKOOLHOOF: CP VORSTER • POSBUS / PO BOX 181 GEORGE 6530
TEL: 044 874 4156 • FAKS / FAX: 044 874 4188 / 086 635 7336 • E-POS / E-MAIL: info@outeniqua.co.za WEB: www.outeniqua.co.za

23 Maart 2021

Liewe ouers, voogde, onderwysers en personeel

Beheerliggaam 2021 – 2023

Die onderwysers en ondersteuningspersoneel se verkiesing het op 9 Maart 2021 plaas gevind. Die opvoeders se verteenwoordigers is mevv. Annaretha Louw en Susan van der Walt. Die ondersteuningspersoneel se verteenwoordiger is mev. Carien Gericke.

Die nominasies vir die ouers van die beheerliggaam het gesluit. Daar was sewe nominasie. Alle nominasies het aan die vereistes voldoen. Die kiesbeampte (Mnr. Herman du Plessis), kringbestuurder (Mnr. Koos Eksteen) en myself het op Donderdag 18 Maart 'n vergadering gehou.

Die volgende is besluit:

1. Die kiesbeampte verifieer die genomineerde, voorstellers en sekondante as persone wat op die Hoërskool Outeniqua se kieslys is.
2. Daar is geen besware teen die genomineerdes ingebring nie.
3. Daar is sewe nominasies.
4. Die komitee besluit dat in gevolge punt 7(b) (Bladsy 54) van die Provinsie Wes-Kaap: Buitengewone Koerant 8398:

(b) indien die totale getal ouerkandidate wie se benoemings aanvaar is, met inbegrip van die benoemings wat ingevolge subregulasie (4) aanvaar is, gelyk is aan die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)*(a)*, (2)*(a)*, (3)*(a)*, (4)*(a)*, (5)*(a)* of (6)*(a)* ten opsigte van die betrokke beheerliggaam bepaal is, moet die proses beoog in subregulasie (9) gevolg word;

Subregulasie (9)

(9) Indien die totale getal ouerkandidate wie se benoemings soos beoog in subregulasie (4) aanvaar is, gelyk is aan die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)*(a)*, (2)*(a)*, (3)*(a)*, (4)*(a)*, (5)*(a)* of (6)*(a)* ten opsigte van die betrokke beheerliggaam bepaal is, moet die skoolkiesbeampte elke aanvaarde ouerkandidaat tot 'n behoorlik verkose lid van die beheerliggaam verklaar.

5. **Daarmee bevestig die komitee dat daar geen verkiesing op 25 Maart 2021 sal plaasvind nie.**
6. Die sewe genomineerdes sal dus die ouers se verteenwoordigers in die beheerliggaam van 2021- 2023 wees.
   Hulle is, in alfabetiese volgorde:
   - Bedeker, Attie
   - Bester, Izelle
   - Bezuidenhout, Marius
   - Jumat, Johannes
   - Pienaar, Wessel
   - Schröter, Frances
   - Volschenk, De Leur
7. Die leerders se verteenwoordigers is Ruben Groenewald en Amy Wessels.

Baie geluk aan elkeen. Ons vertrou dat die volgende drie jaar vir elkeen 'n verrykende ervaring sal wees. Dié beheerliggaam het die voorreg om deel van die Hoërskool Outeniqua se eeufeesvieringe te wees.

Die kontstitusioneringsvergadering vind op Woensdag 24 Maart 2021 om 18:00 plaas. Die ampsdraers sal Donderdag 25 Maart aan die ouers gestuur word.

Vriendelike groete

C. P. Vorster
Skoolhoof